# Huweliksgelofte

Ons erken dat die huwelik 'n instelling van God-drie enig is wat die verhouding tussen Jesus Christus en sy bruid, naamlik diegene wat Sy verlossing aangeneem het, uitbeeld. Ons kom vandag hier voor Hom as huwelikspaar en onderneem om in hierdie huwelik teenoor mekaar met die respek en liefde te handel soos wat Jesus dit self sou doen. Ons onderneem om enige kinders wat uit hierdie huwelik gebore word, in die spore van Jesus Christus te lei en hulle van kleins af te leer dat Hy die enigste weg tot redding is. Ons onderneem om nooit toe te laat dat hierdie huwelik deur enige menslike stelsel ontbind sal word nie en beloof hiermee onverdeelde trou aan mekaar. Hiermee neem ons mekaar dan as man en vrou voor God drie-enig en enige ander getuies hier teenwoordig en onderneem om mekaar lief te hê en getrou aan mekaar te bly tot die dood ons skei.

| **Bruidegom:** | | | |
|---|---|---|---|
| Naam: | | | |
| Van: | | | |
| ID No: | | | |
| Is jy bekend met die inhoud van hierdie verklaring en begryp jy die inhoud daarvan? | | | |
| Beskou jy hierdie verklaring as bindend op jou gewete? | | | |
| Ek bevestig opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is. | | | |
| Handtekening: | | Datum: JJ/MM/DD | |

| **Bruid:** | | | |
|---|---|---|---|
| Naam: | | | |
| Van: | | | |
| ID No: | | | |
| Is jy bekend met die inhoud van hierdie verklaring en begryp jy die inhoud daarvan? | | | |
| Beskou jy hierdie verklaring as bindend op jou gewete? | | | |
| Ek bevestig opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is. | | | |
| Handtekening: | | Datum: JJ/MM/DD | |

| **Bevestiging van verklaring deur Huweliksbevestiger of Kommisaris van ede** | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Handtekening: | | Datum: JJ/MM/DD | |